



**LINKS:** Die oppervlakte onder sojabone het in Suid-Afrika skerp toegeneem, maar dit het nie met 'n opbrengstoename saamgeval nie.

**INLAS:** Die Proteïennavorsingstigting streef na 'n opbrengs van 2,5 ton per hektaar.

**ONDER**: Daar word op die sojasimposium op onkruidbestryding gekonsentreer omdat onkruid oeste kan verwoes. FOTO'S: VERSKAF

# Simposium werp nuwe lig op onkruid

Die Proteïennavorsingstigting bied op 21 Julie en 23 Julie 'n sojasimposium aan met die klem op onkruidbestryding by sojabone.



Die produksie van sojabone het die akkerboutoneel veral sedert 2010 drasties verander. Die totale oppervlakte onder sojabone was in 2010 311 450 ha teenoor die Oesskattingskomitee se beraming van 687 300 ha vir 2015. Hierdie oppervlakte-uitbreiding het egter nie saamgeval met 'n soortgelyke toename in opbrengs per hektaar nie.

Met die uitsondering van die huidige groeityd was die landwye gemiddelde opbrengs 1,66 ton per hektaar vir die tydperk. Dit is dus duidelik dat daar 'n groot kans vir opbrengsverbetering bestaan mits die regte kultivars beskikbaar is en verbouingspraktyke geoptimiseer word, waarvan onkruidbestryding een van die belangrikste is.

Die Proteïennavorsingstigting (PNS) het verskeie aspekte geïdentifiseer wat nodig sal wees om die ideaal van 'n gemiddelde opbrengs van 2,5 ton per hektaar in die volgende ses produksiejare te verwesenlik.

Twee jaar gelede is stikstofbinding by sojabone as 'n spesiale aspek uitgelig op 'n simposium. Sedertdien is dit opvallend dat vergeelde lande verminder het omdat boere en adviseurs moeite gedoen het om enting op te skerp.

Vanjaar is onkruidbestryding onder die soeklig. Hierdie produksie-aspek verdien spesiale vermelding omdat 'n groot deel van die oes vernietig word deur ondoeltreffende bestryding.

"Die sukses van onkruidbestryding hang van verskeie faktore af, maar dit sal goed wees om te onthou dat 'n chemiese onkruiddoder tot so min soos 50% kan bydra tot doeltreffende onkruidbestryding," sê dr. Jan Dreyer van die PNS, organiseerder van die simposium.

Goeie onkruidbestryding is dus 'n kombinasie van verskeie aspekte wat op die simposium bespreek sal word.

## UITGELESE KUNDIGES

In die lig van die voorafgaande aspekte het die PNS besluit om gedurende Julie 'n simposium by Ermelo (21 Julie) en Nampopark (23 Julie) aan te bied. Die klem val op onkruidbestryding by sojabone. Vir dié doel is verskeie uitgelese kundiges bekom om die belangrikste kernaspekte te hanteer.

Prof. Stevan Knezevic van die Universiteit van Nabraska in Amerika het deur sy navorsing verskeie bevindings gepubliseer wat duidelik aangetoon het hoe onkruid 'n sojaboonoes kan verminder selfs voordat die boer onraad merk. Die omvang van hierdie verliese is deeglik deur Stevan gekwantifiseer. Hierdie inligting, hoewel gegrond op Amerikaanse data, sal boere en adviseurs, na alle waarskynlikheid tot nuwe insigte oor hierdie aspek bring.

Simposiumgangers sal wel deeglik onder die indruk kom dat die uitstel van onkruidbestryding 'n ramp kan veroorsaak. Stevan sal dus as hoofspreker die tafel dek vir wat sal volg op die simposium.

## PLAASLIKE SITUASIE

Prof. Charlie Reinhardt van die Universiteit van Pretoria sal die Suid-Afrikaanse situasie skets. In sy voorlegging sal hy die verskillende onkruiddoders bespreek wat plaaslik en oorsee beskikbaar is en hoe dit aangewend moet word. Sy breë kontak met die bedryf maak hom in besonder geskik om nie alleen die spektrum van bestrydingaksies te hanteer nie, maar ook aan boere uit te wys dat weerstandige onkruide ook in die somerreëngebiede ontwikkel.

Onkruidbestryding sal onvolledig wees as daar nie ook verwys word na die chemiese stowwe wat deur onkruide afgeskei word en sojaboonproduksie strem nie. Hierdie inligting sal die simposiumgangers toerus met inligting om onkruidbestryding doeltreffend te maak.

Dr. Brian de Villiers van Villa Crop Protection het baanbrekerswerk gedoen oor watergehalte en tenkmengsels wat vir onkruiddoderbespuiting gebruik kan word. Hierdie aspek raak toenemend belangriker omdat gerugte uit die bedryf dit wil hê dat vreemde produkte gemeng word, terwyl die pH van die mengsels nie altyd binne die optimale vlakke lê nie.

Die regte gebruik alleen kan die doeltreffendheid van 'n onkruiddoder drasties verhoog, sonder enige verdere verandering in die toedieningsmetode. Aspekte soos watervolume, spuitkoppe en toedieningspoed sal vlugtig aangeroer word om die prentjie vollediger te maak. 'n Voldrag van sojabone is moontlik as die wenke van die simposium toegepas word.

Mnr. Cobus van Coller, 'n boer van Viljoenskroon sal die simposium afrond deur perspektief te gee vanuit 'n boer se oogpunt, en hoe 'n boer die stryd teen onkruide kan wen asook die uitdagings in hierdie proses. Dis veral belangrik om sy sienswyse te kry omdat hy 'n betreklike nuweling met sojaboonproduksie is en daar baie nuwe toetreders is wat uit sy ervaring kan put.

Neem ook in ag dat heelwat meer boere sal begin om sojabone te plant vanweë die winsgewendheid van die gewas. Die grootste uitbreiding sal waarskynlik uit die sandgronde van die Weste kom, waar Cobus boer.

Die PNS het 'n mikpunt van 1 miljoen hektaar onder sojabone binne ses produksiejare. Om dit te verwesenlik sal aanplantings in Noordwes en die Noordwes-Vrystaat aansienlik moet uitbrei. Een van die vereistes vir sodanige uitbreiding is doeltreffende onkruidbestryding.

Alle boere en adviseurs oor die hele land sal egter baat vind by die simposium en inligting wat verskaf sal word.

Registrasie vir die twee geleenthede sal binnekort aanlyn begin. **LBW**

NAVRAE: Me. Yvette Papadimitropoulos, tel. **011 803 2579**; e-pos: **admin@proteinresearch.net.**




www.talbert.co.za
VERVAARDIG IN BLOEMFONTEIN
Spilpunte in 'n klas van hul eie
Ben Jonesstraat 32, Hamilton, Bloemfontein
Koos: 082 802 1906 | Arno: 072 344 0683 | Tel: 051 434 2349 | Faks: 051 434 2447




ULTRAMODERNE NAVORSING
GEWASVOORSORG
PRESISIEBEPLANNING
GEWASBESKERMINGSBESTUURSPRAKTYKE

Sojabone met 'n bewese suksesrekord.

PANNAR behaal seisoen vir seisoen topresultate in die nasionale sojaboonproewe. 'n Veelsydige pakket van verskillende groeiseisoenklasse bied doeltreffende risikobestuur waarop jy kan reken.

PANNAR®
Saam boer ons vir die toekoms™
www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za

2015/SOY/A/15/LW

® Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2014 PANNAR BPK